DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**19 Mei 2024**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **2 Korintiërs 3: 1 - 6** |
| **Tema** | **Is jy die pen en ink van die Heilige Gees?** |
| **Sang** | **Lied 431: 1, 2**<br>**Psalm 146: 1, 4**<br>**Skrifberyming 15-1: 2, 3**<br>**Psalm 119: 33, 63**<br>**Skrifberyming 8-2: 1, 2, 3**<br>**Skrifberyming 8-1: 1, 2** |

**Die apostel Paulus noem ‘n gelowige ‘n brief. ‘n Baie besondere brief. Soos 'n gewone brief gaan daar van die lewe van die gelowiges 'n boodskap uit. Hierdie boodskap is dat God Almagtig is en my deur die Gees verander het in ‘n Koningskind.**

**Daarom is ons nie 'n brief waarop daar staan "Persoonlik en streng vertroulik" nie.**

**Ons is ope briewe, amper soos 'n advertensie wat elke persoon mag lees. Hierdie brief moenie 'n geskrif wees waarin “ek” sentraal staan nie. Nee, dit moet 'n brief wees wat God verheerlik vir die verlossing in Jesus Christus. Dit is belangrik dat elke gelowige 'n baie duidelike brief moet wees. 'n Brief wat nie verkeerd verstaan moet word nie. 'n Brief wat lelik of dof geskryf is, kan maklik verkeerd gelees en verstaan word.**

**As pen gebruik Christus die apostels. Nie net hulle nie, maar elke dienskneg ná hulle is soos ’n pen in die hand van die Here. Christus maak hierdie penne vol met die regte ink: sy Heilige Gees. Vol van die Heilige Gees skrywe die Here se diensknegte sy woorde in menseharte. Geloofswoorde wat God aanbid en eer. Sy skrif moet in jou hart staan, want waarvan die hart van vol is, loop die mond van oor. Dan is jy wat jy moet wees: Iemand waardeur God met mense praat.**

**Is jy die pen en ink van die Heilige Gees om ‘n duidelike brief van Jesus Christus te wees?**

## OOG VIR MEKAAR




* Ons is dankbaar dat Daleen Hoogendyk herstel na die heupvervanging. Ons bid jou die seën van die Here toe in die hersteltyd. Sy sal die volgende twee weke in Pta bly vir die fisiobehandeling.

* Ons bid spoedige genesing vir Willie Erasmus wat Vrydag 'n operasie aan sy hand ondergaan het.

* Ons vra u voorbidding vir die Ouderlinge se vergadering na die erediens.

* Ons vra ook u voorbidding vir Maandagaand se Breëvergadering.



# KONSISTORIEDIENSBEURTE 19 Mei 2024

Diensbeurt: Wyk 4
Ouderling: Douw Venter

Katkisasie: Les 13
Diaken: Shawn Koekemoer

**Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal voor die erediens in die konsistorie sal vergader.**

## Eredienste begin 09:30

# TEE EN KOFFIE KUIERTYD



**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 19 Mei 2024 | Na erediens | *Kerk* | Ouderlingevergadering |
| 20 Mei 2024 | 18:00 | *Kerk* | Breëkerkraadsvergadering |
| 21 Mei 2024 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 22 Mei 2024 | 18:00 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 24 Mei 2024 | 18:00 | *Kerk* | Sop-en-Sjerrie aand |
| 28 Mei 2024 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 29 Mei 2024 | Onthou om jou | X *te gaan* | trek!!! |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *B / D* | *Sel/Tel no.* |
| (So) 19 Mei | *Bets Erasmus ** | *79* | B | 060 405 5932 |
| (Ma) 20 Mei | *Ernst Eloff ** | *73* | B | 083 299 8068 |
| (Di) 21 Mei | *Peter Snyman ***<br>Dienie Landman<br>Kobie Botha<br>Jaco Pelser | *80*<br>69<br>55<br>41 | B<br>B<br>B<br>B | 084 601 1250<br>072 073 8131<br>082 457 3908<br>079 739 8086 |
| (Do) 23 Mei | Lizzy Odeldaal ** | 82 | B | 064 857 8199 |
| (Sa) 25 Mei | *Kotie Erasmus ***<br>Anna-Mart Maré<br>Ruben van Ree | *87*<br>37<br>19 | B<br>B<br>B | 082 651 6301<br>082 318 7263<br>082 672 2511 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (So) 19 Mei 1984 | Douw & Marietjie Venter | 40 | 082 713 2780<br>082 932 9206 |
| (Ma) 20 Mei 2017 | Jan-Carl & Melissa Oosthuizen | 7 | 079 522 1992<br>082 488 7577 |
| (Di) 21 Mei 2022 | Nico & Annelie Coetsee | 2 | 076 785 6161<br>064 901 7638 |
| (Di) 22 Mei 2022 | Nico & Ina-Mari Swanepoel | 2 | 073 177 7632<br>082 888 9236 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Die Here sal vir my alles goed laat afloop. Aan u liefde, Here, is daar geen einde nie. Moet tog nie die werk van u hande laat vaar nie.**

**Psalm 138:8**

## KOLLEKTES

**Kollektes Mei 2024**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**12 Mei 2024 Proponente hulpfonds**~~
**19 Mei 2024 Instituut vir Christelike Onderwys**
**26 Mei 2024 Emeritaatsversorgingsfonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# SOP & SJERRIE

# Aand

**Die susters bied op 24 Mei 2024 om 18:00 'n Sop-en-Sjerrie-aand aan.**

**Kom kuier en eet saam aan 'n verskeidenheid heerlike soppe uit ons eie Dopper-kombuise.**

**Jou toegang vir hierdie aand is slegs JOU gunsteling pot sop. As jy tuis gemaakte konfyt het, bring saam sodat ons dit kan proe.**

**Skryf jou naam op die lys agter in die portaal as jy die onvergeetlike aand gaan bywoon en dui ook aan as jy jou gunsteling sop vir ons gaan maak.**

**Onthou asb ook om jou eie eetgerei saam te bring. Sjerrie sal verskaf word, jy's welkom om ook jou eie drinkgoed saam te bring.**

**'n Donasiekassie sal ook beskikbaar wees vir die wat 'n donasie wil maak in plaas van om 'n pot sop te bring.**

**Ons sien daarna uit om met almal 'n broodjie te breek en lekker saam te kuier.**

# NAGMAAL




Lidmate moet ASB kennis neem van die vogende:
Nagmaal sal op 2 Junie 2024 om 09:30 plaasvind.

Lidmate MOET kennis neem dat daar slegs EEN diens sal wees.

Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, die ander lidmate moet die rakkies wat voor in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# NAGMAALETE

Lidmate wat die Nagmaalete op 2 Junie 2024 gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat voor in die portaal is.
Daar gaan heerlike "Beef Stroganoff" met rys, pampoentert en 'n groente gereg voorgesit word.
Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.
ONTHOU ASB ! ! Die susters in blok E is verantwoordelik vir nagereg met die Nagmaalete.



# DIAKONIE

**Die diakonie se kosrakke is uitgeput en leeg.**

**Ons vra hulp om ons kasrakke aan te vul en benodig die volgende items:**



**6 x 1 lt Langlewe melk, 2 Kg Rys; 2.5 Kg, mielie meel; 2 Kg suiker; 750 ml olie; blikkies kos soos bv vis; groente; tamatie en uie sous; boontjies ens, daar is ook ‘n tekort aan toiletpapier; tandepaste en badseep.**

**Ons versoek lidmate om ons te help met die met bogenoemde items.**

**Ons versorg baie gesinne binne ons gemeente met die kos en ons het almal se hulp nodig.**

# KERKKAMP VILLA MAROELA

Die Aktiwiteitskommissie beplan 'n gemeentekamp by Villa Maroela vanaf 30 Augustus tot 1 September 2024. Vir besprekings en pryse kyk voor in die portaal.



Bespreek en betaal jou plek nou om te verseker dat jy plek het vir die gemeentekamp.



ONTHOU plekke raak min en as jy nie nou gaan bespreek nie gaan jy die kamp misloop.






# DAMESOGGEND GK KAMEELDRIFT



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG - VERVOLG)



Bid gedurig...
vir die gawe van die Gees om met vrymoedigheid en met blymoedigheid die Blye Boodskap van verlossing in Christus te kan uit dra.


*Bid daarvoor.*





Wees Gees vervuld en leef in die krag van die Gees.

*Wees sout en lig*
*Hierdie week*


GK PIETERSBURG
INKOMSTE EN UITGAWES
MRT 2024 TOT FEB 2025
DUISENDE
-70
-20
30
80
130
180
230
280
330
380
Mrt - 23
Apr-23
Mei - 23
Jun-24
Jul-23
Aug-23
Sep-23
Okt - 23
Nov-23
Des - 23
Jan-24
Feb-24
169
157
161
147
-13
-14
Inkomste
Uitgawes
(Tekort)/ Surplus

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>**Kan afgelaai word op:**<br><br>**www.gereformeerd.co.za** | **Kerkkantoor**<br>**Faksnommer**<br><br>**Webwerf**<br>**www.gereformeerd.co.za** | **Nantes Kotze**<br>**(015) 296 0054 (Tel/Faks)**<br>**086 293 4674 (Faks)**<br>**E-pos :**<br>**admin@gereformeerd.co.za**<br>**Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens.** |
| | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | **ABSA Tak 334-248**<br>**Tjekrek 11-5034-0426** |
| **Koster**<br>**Nantes Kotze**<br>**015 296 0054**<br>**081 424 9651** | **Diakonie** | **ABSA Tak 632-005**<br>**Tjekrek 11-5034-1287** |
| | **Koningskinders** | **ABSA Tak 632-005**<br>**Geldmarkrek 91-9071-1847** |
| **Orreliste**<br>**Marisa Linde**<br>**083 408 2100** | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | **ABSA Tak 632-005**<br>**Tjekrek 11-5034-0191** |
| | **Aktiwiteitskommissie** | **ABSA Tak 632-005**<br>**Tjekrek 40-6962-4784** |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

***Julle is duidelik 'n brief van •Christus wat deur ons diens opgestel is, geskryf, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die tafels van menseharte.***

***2 Korintiërs 3 : 3***



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**